



P R O S P E K T U S
LAERSKOO L
NELSPRUIT



Wie is Laerskool Nelspruit

In ons 110de bestaansjaar, onder die tema "Hoop en dien", bly ons daartoe verbind om elke leerder doelgerig vir 'n ewig veranderende toekoms voor te berei. Ons besef egter dat hierdie visie nie vanself realiseer nie – dit vra doelbewuste optrede, volgehoue toewyding en 'n kultuur van diensbaarheid.

Hoop – Die ingesteldheid dat more beter kan wees as vandag.

Diensbaarheid – Om op te staan ,uit te gaan en die toekoms beter te maak.

Ons droom is om kinders optimaal voor te berei om hulself in 'n ewig veranderende en uitdagende wêreld suksesvol te handhaaf.



Jaco Hauptfleisch
Hoof

As 'n gevestigde skool in die hartjie van die Laeveld is Laerskool Nelspruit nie net gewortel in tradisie nie – ons is ook die skool vir die toekoms! Ons omarm, tegnologie, innovasie en moderne onderrigmetodes om leerders voor te berei vir die wêreld van môre, onder die vaandel van uitnemendheid.

'n Skool is net so sterk soos sy gemeenskap en 'n gemeenskap is net so sterk soos sy skool – Kom plaas jou kind in die portuurgroep wat vir hul die beste geleentheid gee om gewone kinderjare in buitengewone herinneringe te verander.

Visie

Laerskool Nelspruit skep 'n veilige omgewing waar kinders geborge voel en op 'n gebalanseerde wyse kan ontwikkel met die ondersteuning van kundige personeel en betrokke ouers.

**Hoe kies ek,
die regte skool
vir my kind?**

11 April 1916 open
LS Nelspruit met
20 leerders en
mnr. A.F. van Zyl
as hoof.

1916

Die eerste
skoolgebou was
'n geleende
sinkkamer en
het alle leerders
tot st. VI
gehuissves.

Nelspruit word
geklassifiseer
as 'n dorp.

1922

Mnr. D.J.J.
Bisschoff word
op 18 April 1922
as eerste
permanente
hoof aangestel.

22 Augustus het
die skool sy
eerste

1923

vervoerstelsel
gevestig.
'n Muliwa was
verantwoordelik
vir die vervoer
van 11 kinders
van Bosbokrand .

Die eerste
skoolkonsert
word gehou.

1924

Missie & Leefwyse

Missie

Ons missie is om:

- gelukkige, veilige en geliefde kinders geleenthede te bied tot gebalanseerde ontwikkeling op verskeie gebiede.
- te fokus op kindwees, gesonde kompetisie en akademiese uitnemendheid te ontwikkel deur diverse leierskap asook die wetenskap van pedagogie.
- huidige personeel verder te ondersteun, ontwikkel en bemagtig asook kundige personeel aan te stel.
- topgehalte fasiliteite te voorsien, onderhou en uit te brei – BEHOU en BOU.
- Nellie leerders so voor te berei om die uitdagings van 'n voortdurend veranderende wêreld op uitnemende wyse, die hoof te kan bied.
- sterk kommunikasiekanale met ouerhuise te vestig en so lojaliteit, vertroue en positiewe gesindhede te verseker.

**Etos,
ingesteldheid
en waardes.**

Leefwyse

- Kwaliteit onderrig en opvoeding is die hoofdoel van skool.
- Positiewe gedrag te versterk deur wedersydse respek te betoon.
- Elke kind sy regmatige plek te laat vind en te ontwikkel op akademiese, sport, kulturele en sosiale terreine.
- 'n Veilige ruimte te wees, waar kinders deur te speel en leer hul volle potensiaal kan ontdek.
- Geleenthede te bied waar elkeen hul unieke skeppingsdoel kan uitleef en ontwikkel.
- 'n Gesonde leefstyl, vriendskappe en spanwerk aan te moedig.
- Om diversiteit te vier en dit wat elkeen anders maar uniek maak, te omarm.

Die skool besluit om hul eerste klavier aan te koop vir R240 en hierdie Fritz Kuhle-klavier word tot vandag toe steeds deur die skool gebruik.

1925

Die skool begin geld insamel vir biblioteekboeke.

1928

'n Openbare biblioteek word by Laerskool Nelspruit geopen. Die maandelikse fooi was 20c per persoon. Die skool het die onderwysers op spesiale opleidingskurse gestuur.

1932

Skool verkry toestemming om leerlinge tot St. VIII op te lei. Die skool bestaan uit 180 leerders. 'n Hidro-elektrisiteitsdam bring elektrisiteit na die dorp.

1933

Akademie - Grondslagfase



**Primêre
oorweging moet
akademies wees.**

Die Grondslagfase bied 'n omvattende en stimulerende leeromgewing. Elke graadgroep het vyf Afrikaanse en een Engelse klas, met die kleinste klasse in Nelspruit. Ons het twee RO-sentrums en vier RO-onderwysers, wat addisionele, individuele aandag gedurende kontaktyd verseker.


Die akademiese program volg 'n **"Hands-on, Play to Learn"** benadering, wat interaktiewe leer bevorder. Hierdie benadering moedig leerders aan om deur middel van aktiwiteite en speletjies aan die akademiese program deel te neem, wat die inhoud meer interessant en toeganklik maak. Bykomend tot hierdie benadering, sluit die program **graadspesifieke in- & uitstappies** in wat die leerder se kennis van die wêreld en praktiese toepassing daarvan te bevorder.

Klasmusiek word onderrig deur 'n BMus-gekwalifiseerder opvoeder en 'n mediasentrum sorg vir 'n gesonde kultuur van lees.

Ons stimuleer denkvvaardighede deur **rekenaaropleiding** en die aanleer van basiese kodering — 'n opwindende vaardigheid wat leerders help om logies en kreatief te dink. Terselfdertyd versterk ons hul liggame met buiteligaktiwiteite tydens **liggaamlike opvoeding** (LO) en die spesialisprogram, EduMove, wat fokus op motoriese ontwikkeling.

Leerder se ontwikkeling word gemonitor & ondersteun deur:

- Kwartaallike oueraande
- Inligtingsessies
- Gr. R na Gr. 1 en Gr. 3 na Gr. 4 oorbruggingskursusse
- Skoolondersteuningspan



Skooltye:

Graad 1 - 2

Maandag - Donderdag
07:30 to 13:00

Graad 3

Maandag - Donderdag
07:30 to 13:15

Graad 1 - 3

Vrydae
07:30 to 12:45

Graad 4 - 7

Maandag - Donderdag
07:30 to 13:30

Vrydae
07:30 to 13:00



Akademie - Intersenfase

Ons skool is trots op ons **hoë akademiese standaard**. Ons akademiese program is daarop gemik om elke leerder op sy of haar beste te laat presteer. **Vakspesialis opvoeders** en gereelde kontakssessies met die Hoërskole verseker optimale onderrig en leerders word voorberei om te floreer in die volgende fase van hul akademiese reis.



In ons skool het ons 'n sterk fokus op innovasie en die integrasie van moderne tegnologie. Ons bied onder meer vakke soos **robotika, rekenaarstoepassings tegnologie en addisionele skeppende kuns klasse** aan.



Ons akademiese inisiatiewe sluit deelname aan **Olympiades, die "Drop All and Read" inisiatief, taal & karakterdae asook 'n Wiskunde- en Wetenskap Week** in, wat die liefde vir leer en ontdekking by ons leerders bevorder.

Ons skool bied **heronderdig & intervensie klasse** aan as deel van ons skoolgebaseerde ondersteuningsprogram. Waar dit nodig is word daar **eksamenakkommodasie** voorsien. Buite die klas het ons ook **uitstappies en akademiese toere**, soos die Top 10 akademiese toer vir Graad 5 tot Graad 7, wat leerders help om hul akademiese horisonne te verbreed.

Kwalifikasie & ervaring van personeel



Ons glo dat ouers 'n belangrike rol speel in die opvoedingsproses, en daarom bied ons **gereelde oueraande en ouerinligtingsessies** aan om 'n sterk samewerking tussen die skool en die gesin te bewerkstellig. Vir Graad 4 leerders is daar 'n **studiemetodekursus** wat ontwerp is om effektiewe studievaardighede aan te leer en goeie studiegewoontes te bevorder.



Nie net is Nellies die enigste Mbombela skool wat van die **Wolkskool leerplatform** gebruik maak nie, maar ons maak ook gebruik van ons eie interne Nellieswolk vir graad 4 - 7 Wiskunde.

Nellies neem ook aan **nasionale assesserings** soos die Conquesta deel, om onself akademies te kan vergelyk met nasionale standaard.



Kultuur

By Laerskool Nelspruit is kultuur 'n trotse en dinamiese deel van ons skoollewe. Ons **Kultuursentrum** is die hartklop van kreatiwiteit, waar leerders die geleentheid kry om hul talente te ontwikkel en uit te leef.

*Top Kultuurskool
in Mpumalanga!*

Beide die Junior en Senior Kore neem jaarliks in verskeie provinsiale en selfs nasionale kompetisies deel.

Leerders wat 'n talent en passie vir kuns het, het die opsie om deel te neem aan buitemuurse kunsklasse.

Ons Pom Poms vir junior dogters ontwikkel ritme, spanwerk en sorg vir baie opwinding, terwyl redenaars hul stemme laat hoor – individueel én in groepverband – by geleenthede soos Eisteddfod, Oppi Tong Af en Radikaal Redenaars.

Die jaarlikse Kultuurweek bied vermaak vir die hele gesin: van die Personeelkonsert tot kunsuitstallings. Elke vyf jaar bring ons 'n kleurvolle en energieke Revue op die planke. Hier word elke kind se kreatiewe potensiaal erken en aangemoedig.



- 1934 Die skool se eerste koshuis open met 11 kinders.
- 1939 Die tweede Wêreld-oorlog breek uit.
- 1941 Na 'n kwarteeu staan die leerdertal op 386.
- 1942 Die skool trek na die huidige terrein.
- 1948 Leerdergetalle styg na 713. Die nuut-geboorde koshuis word geopen met spasie vir 180 leerders. (Huidige Nellie Miere gebou)
- 1952 Twee nuwe skole open: 'n Hoërskool met 335 leerders en 'n laerskool met 599 leerders.
- Van Riebeeck-poskoets besoek die skool. 'n Rooi-essenhoutboom word "voor" die skool geplant.
- 1959 Leerlingtal oorskry die 1000 kerf.
- 1961 Swembad word in gebruik geneem.
- 1963 Opening van die nuwe skoolsaal deur Mnr A J Koen. Die saal word na Mnr Fölscher vernoem.

Sport

Sport speel 'n sleutelrol in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde leerder. Met die fokus op **uitgebreide geleenthede** en vaardigheidsontwikkeling behou ons diepte met die **meeste liga-spanne** oor al die sportsoorte.

Onder leiding van kundige en entoesiastiese afrigters kry elke kind die geleentheid om hul beste te gee in 'n omgewing van gesonde mededinging op verskeie gebiede.

Ons sportprogram is gestruktureer om talent raak te sien en te ontwikkel, terwyl almal aangemoedig word om met trots en sportmangees deel te neem.

Ons spog met uitnemende sportfasiliteite, insluitend 'n moderne **Astro-baan** en ons eie **swembad**, wat verseker dat leerders in optimale omstandighede kan oefen en presteer.

Leerders word geleentheid gegee om aan nie-amptelike skoolsportsoorte deel te neem.

Gereelde **sporttoere** bied aan spanne waardevolle blootstelling, spanbou en onvergeetlike ervarings wat hul liefde vir sport net verder aanwakker.



Mini Sport (Gr. 1 - 2)	K1	K2	K3	K4
Atletiek	x			x
Netbal		x		
Rugby		x		
Hokkie			x	
Krieket			x	
Sport (Gr. 3 - 7)	K1	K2	K3	K4
Atletiek	x			x
Gholf				x
Hokkie			x	
Krieket			x	
Landloop		x	x	
Netbal		x		
Rugby		x		
Skaak	x	x	x	
Swem	x			x
Tennis	x		x	

*Ontwikkeling en proewe kan moontlik in die vorige kwartaal plaasvind as deel van die voorseisoen.



Deelname aan sport & kultuur



1966

Skool bly parallelmedium tot 7 Januarie toe die Engels-medium skool hul deure open. Voor dit het die leerdergetalle op 'n stadium op 1 395 gestaan wat Laerskool Nelspruit die **grootste skool in die land** gemaak het.

Die skool vier sy 50-jarige bestaansjaar.

1967

Leerdergetalle bereik weer 1 224.

1970

'n Tweede Laerskool stig van Laerskool Nelspruit af.

1974

Skoollied is in 1974 deur die bekende skrywer Chris Barnard geskryf.

Daar is 'n dolfynvertoning in die skool se swembad gehou. Vir hierdie baie spesiale geleentheid moes 10 ton verfynde sout bygevoeg word om 'n "seewater"-effek te skep.

1977

Die ou administratiewe kantore word in klaskamers omskep.

Fasiliteite



By Laerskool Nelspruit glo ons dat kinders die wêreld met kaalvoete en glimlagte moet ontdek. Ons speelgronde bied ruim, veilige spasies waar leerders vrylik kan hardloop en baljaar. Goed ontwerpte klimrame dra by tot grootmotoriese ontwikkeling en maak speelyd terselfdetyd pret en waardevol.

In die klas spog ons met moderne fasiliteite wat ontwerp is om leer te verryk en geleenthede te skep vir elke leerder om te groei. Ons mediasentrum en tegnologie-ondersteunde klaskamers, toegerus met TV-skerm en visualisers, maak visuele, interaktiewe leer 'n werklikheid. Sonpanele verseker volhoubare akademiese kontaktyd.

Ons kultuursentrum bied ruimte vir kreatiewe en geestelike ontwikkeling, terwyl twee rugbyvelde, vyf netbalbane, drie tennisbane en 'n splinternuwe Hokkie Astro sportdeelname op hoë vlak moontlik maak.

Ons eie vloot bussies verseker dat leerders veilig en betyds by hul aktiwiteite en toere arriveer. Dit help terselfdetyd om toere se vervoerkostes bekostigbaar te hou.

**Gehalte van
geriewe &
fasiliteite**



Ons Skoolfamilie in Aksie

By Laerskool Nelspruit glo ons dat opvoeding 'n spanpoging is – en ons **Ouerverenigings** speel 'n belangrike rol in die hartklop van ons skool. Deur hul entoesiasme, vrygewigheid en kreatiwiteit help ons ouers nie net met fondsinsamelings en projekte nie, maar skep hulle ook spesiale geleenthede waar gesinne saam herinneringe kan **bou**.



Ons **Pa's in Aksie-groep** is 'n dinamiese span vaders wat graag hande vat – of dit nou is om 'n sportdag aan te pak, vuur te maak vir 'n gesinsbraai, of 'n kamp aan te bied. Hierdie betrokkenheid dra by tot 'n positiewe, ondersteunende omgewing waar kinders floreer en ouers deel voel van iets groter.

**Ouer- en
gemeenskap-
betrokkenheid**



Ons moedig elke ouer aan om betrokke te raak – groot of klein – want wanneer ons saamstaan, groei ons kinders sterker!

By enige skool is fondsinsameling 'n noodsaaklikheid – maar by die Nellies is dit deel van die opwinding! Aktiwiteite soos Kaskardag, koekverkopings en ander kreatiewe projekte gee aan ons leerders die kans om hul ondernemingsgees te wys, terwyl dit terselfdetyd waardevolle fondse vir die skool insamel. Hierdie geleenthede bring ouers, leerders en personeel saam in 'n prettige, samewerkende gees – en elke rand wat ingesamel word, maak 'n verskil.



'n Derde
Laerskool stig
van Nelspruit af.

1982

Rapporte word
die eerste keer
deur rekenaars
gedruk.

1990

Lapa langs die
swembad word
opgerig.

1994

Word die nuwe
Tennis & Netbal
Lapa in gebruik
geneem.

2000

Sprelligte word
by rugbyveld
opgerig.

2003

Sportsentrum
word gebou.

2004

Hou die Nellies
hul eerste
gholfdag.

2005

Kampuskaffee &
Ondersteunings-
dienste sentrum
word gebou.

2010

Die Netbalhuisie
word gebou.

2013

2016 Laerskool
Nelspruit vier sy
100ste
bestaansjaar.

2020 Fibre-internet
word by die
skool aangelê

2022 Mnr. D.J.
Hauptfleisch
word aangestel
as hoof.

Die skool spog
met 'n pragtige
kampus tussen
die graniet-
koppies, reg
langs die Nel-
spruit op 14
hektar grond.
Ons personeel
korps bestaan
uit net oor 100
onderwys-
personeel en 18
algemene
assistentente.
Met 'n graad R
tot 7 leerdertal
van 1200, het
die skool ook
hul ons eie
kleuterskool,
Nellie Miere.

2023 Ons rugby
maak
geskiedenis:
AI 4 spanne is
MPU liga
wenners

2025 Hokkie Astro
word geopen.

2026 **Wat is in die
pyplyn?**

*Motoriese baan &
buitelugklaskamer*

*Die skool vir
die toekoms!*

Addisionele Dienste

Naskoolsentrum

Lekkerder as huis-toe-gaan, want hier is hul maatjies ook!

Direk na skool tot 17:15 bied die Nellies-naskool 'n veilige omgewing, waar ons deeglik huiswerk doen en daarna baie lekker speel!

Aangesien die juniors (Gr. 1 - 3) en seniors (Gr. 4 - 7) verskillende behoeftes het in terme van huiswerk en buitekurrikulere aktiwiteite, word hulle op aparte ouderdomsgepaste speelareas gehuisves.

Die groeiende lyfies word van 'n heerlike middagete en laatmiddag versnappering voorsien. Ons hou die breine flink met gekwalifiseerde juffrouens en skoolassistentente wat leerders bystaan met hul huiswerk en leerwerk.

Leerders kan ook hul sport- en kultuurspiere oefen en met gemak enige oefeninge wat op die terrein geskied bywoon.

Ons is vakansies oop (07:00 - 17:15) en sluit wanneer die skool vir die Desember vakansie sluit. Dit gee vir ons werkende ouers die gemoedsrus dat daar tydens vakansies ook vir hulle kinders voorsiening gemaak word.

Nellie Miere

Die Gr. 0, Gr. RRR, Gr. RR en Gr. R leerlinge word in die gebou van die Nellie Miere gehuisves en funksioneer onafhanklik van die res van die skool.

Ondersteuningsdienste

Laerskool Nelspruit se ondersteuningsdienste sluit aan by die rol van die Skoolondersteuningspan (SOS).

Die doel van die leerderondersteuningspan is om leerlinge by te staan met skoolastiese, emosionele en gedragsuitdagings.

Die ondersteuningspan maak gebruik van 'n oorsigtelike evaluasie om te bepaal waar die leerder ondersteuning benodig, waarna verwysings kan plaasvind.

Die evaluasies en terapie word by ons skool gedurende skoolure aangebied.

Skooldrag

Somer

Seuns

Nellie hemp
Nellie broek
Wit tekkies met veters
Nellie enkelkouse
Nellie Dri-mac

Gr. 7 hemp

Winter

Seuns

Nellie hemp
Nellie broek
Wit tekkies met veters
Nellie enkelkouse
Nellie Sweetpak

Gr. 7 hemp

Dogters

Nellie hemp
Nellie broekrump
Wit tekkies met veters
Nellie enkelkouse
Nellie Dri-mac

Gr. 7 hemp

Dogters

Nellie hemp
Nellie broekrump
Wit tekkies met veters
Nellie enkelkouse
Nellie Sweetpak

Gr. 7 hemp



Die skool het ook 'n
tweedehandse
klerewinkel op
kampus.

Lys van amptelike skoolklere verskaffers beskikbaar by ontvangs.
Onthou alle klere items moet duidelik gemerk word.
Sien huiswerkboekie of webblad vir uitgebreide voorkomsreëls.

Nellie Waardes

Laerskool Nelspruit is 'n waardegedrewe skool. Ons dissiplinêre stelsel is gebaseer op wedersydse respek. Indien 'n leerder een van ons waardes uitleef word hulle beloon, maar wanneer hulle een van die waardes oortree ontvang hulle de-meriete punte.

Daar word elke maand waardegerigte aktiwiteite uitgestuur wat ouers en kinders help om die spesifieke maand se waarde saam te verken.

Ons vier graag leerders se positiewe gedrag met o.a. Nellie van die Maand, Ware Nellie balkies en kwartaalike beloningsdae.

Trots

Eerlikheid

Deursettingsvermoë

Geduld

Goeie maniere

Selfbeheersing

Gehoorsaamheid

Dankbaarheid

Omgee

Verantwoordelikheid

Respek

Nederigheid

Hoe word ek 'n Nellie?

Elke dag is opedag! Kom kuier gerus by ons en beleef ons hartklop. Kom kyk gerus na ons fasiliteite en kom hoor hoe die leerders lag!

Leerders wat by Laerskool Nelspruit wil inskryf moet aan die minimum ouderdom, soos amptelik deur die MOD voorgeskryf voldoen.

Slegs ouers of wettige voogde, by wie die leerling woonagtig is, mag aansoek doen. Hierdie persoon aanvaar volle verantwoordelikheid vir die leerder.

Aansoekvorme sal na ons opedag beskikbaar wees by die kantoor of op ons webblad. Aansoekvorm sowel as stawende dokumente moet, in persoon, by die skoolkantoor ingehandig word.

Besonderhede m.b.t. addisionele vereistes en belangrike dokumentasie wat die aansoek moet vergesel, is ook op die skool se webblad beskikbaar.

Die skoolgeld bestaan uit 10 gelyke paaieimente – betaalbaar vanaf Januarie tot Oktober. Die eerste paaieiment is betaalbaar wanneer die leerder aanvaar word by die skool. Daarna is paaieimente vooruitbetaalbaar op die 1ste van elke maand.

Indien u aansoek doen vir korting op die skoolfonds, moet u die aansoekvorm in persoon by die skoolkantoor kom afhaal. Sluitingsdatum vir sodanige aansoeke is streng 1 Maart van elke jaar. NB! Daar is GEEN korting by die Nellie Miere of naskool nie.



Skool Inligting

Kantoorure:

Maandae - Donderdae 07:00 - 15:00

Vrydae 07:00 - 13:00



013 752 8148/9



nellies@nellies.co.za



H/V Henshall & Van der Merwe Straat



www.laerskoolnelspruit.co.za

